

Woensdag 17 Oktober

Skrifgedeelte: Efesiërs 4:17 – 5:20

Fokusgedeelte:

Efesiërs 4:17-19

Breek met die ou, sondige leefwyse

Die kerk se groei tot eenheid in die geloof en kennis van die Seun van God is intiem verbind met die manier waarop hulle lewe. Hulle lewe moet in ooreenstemming wees met die nuwe lewe wat hulle van Christus ontvang het. Hulle moet soos nuwe mense lewe. Die nuwe lewe beteken breek met die ou, sondige leefwyse – en wys dit op die manier waarop julle met mekaar saamleef. Hulle moet in die atmosfeer van die liefde lewe en hulle op-trede moet oop en duidelik wees soos mense wat in die lig lewe. Daarom moet hulle met die Heilige Gees vervul wees (4:17 – 5:20).

Paulus sê dat hy in die Naam van die Here 'n ernstige beroep op gelowiges doen, want hy roep Christus as getuie in dat hy die waarheid praat. Hy is in die gevangenis, maar hy tree van daar uit met die gesag van Christus op. Die lesers hoor eintlik Christus self met hulle praat. Hy waarsku dat die heidense leefwyse op 'n ramp afstuur. Hulle leef in hierdie heidense omgewing en kan maklik in so 'n verkeerde lewenspatroon terugval. Die heidense leefwyse loop op selfvernietiging uit.

Dié leefwyse lei tot niks, want hulle onderdruk die kennis wat hulle van God kry. Die oorsprong van hulle verduisterde verstand is hulle hardnekkigheid. Hulle leef 'n vuil en los-bandige leefwyse en laat hulle deur hulle drange lei. God gee hulle oor aan hulle drange. Hulle roekelose lewe maak hulle siek en laat hulle geestelik sterf.

Sing: Psalm 51-2:4

Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)